# Sosio-kulturele impak-analise 756 (GSO 756)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Programme** | BSocSciHons Ontwikkelingstudies |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 ander kontak per week, 2 lpw |
| **Onderrigtaal** | Engels |
| **Akademiese organisasie** | Antropologie en Argeologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Verhouding tussen sosio-kulturele impak-analise (SIA) en omgewingsimpakstudies sowel as tussen impak-analise, monitering en evaluering. Rolspelers in SIA: openbare en privaatsektorkliënte, gemeenskappe, konsultante en multidissiplinêre assesseringspanne. Oorsig van die SIA-proses: sifting, bestekopname en assessering. Analisetegnieke: matriksontwerp en tendensekstrapolering; skatting en kartering, modellering en transektering. Aanvulling van SIA met kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes en deelnemende takseringstegnieke. Statutêre riglyne en die daarstelling van kontraktuele ooreenkomste en sinergie tussen rolspelers. Etiese slaggate en verantwoordelikhede. Samestelling van SIA-verslag.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.